Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk sake…

Augustus 2014

Terugvoer: Die plaaswerk het begin vrug dra met ’n Sioniste kerk pastor en 6 ander werkers wat tot bekering gekom het en waarmee nou ’n pad gestap word. Prys die Here saam met ons daarvoor en bly bid vir Armando en sy werkgewer. Sinolencio het besluit om sy werk daar te staak. Hy sal saam met Pedro Cossa die Johannes evangelie aanbied vir die studente hier by die skool in September.



Daniel se voet is (na die foto) in gips gesit en die kom hopelik een van die dae af. Bid dat daar volkome genesing sal wees.



.

Ons gesonde ontspanning (nuwe badkamer) lyk tans so: Dankie aan Wonderboom wat kom hand bysit het!



**Nuwe sake:** Ons was einde Julie na Mutsandza en Macaene, afgelee gebiede teen die grens van die Kruger Wildtuin. Sommer die eerste dag het ’n plaaslike toordokter opgestaan en verklaar dat hy van sy toorgoed ontslae wil raak. Ons bly verstom staan voor die Here wat deur sy Gees veel meer doen as wat ons kan bid of dink. Adam Matevula (die man in die blou hemp) het die naweek by ons kom kuier om ’n Bybel te koop en ’n paar sake uit te klaar rondom sy nuwe pad met die Here. Wat ’n vreugde om hom te hoor getuig oor waste verskil hy beleef deur die Here se krag in sy lewe. Bid dat die Here hom en die ander jong gelowiges sal vashou en laat groei.



’n Hele sak vol toorgoed is gebrand tydens ’n geleentheid waar al die gelowiges bymekaar was. Bid dat die Heilige Gees ander ook sal oortuig van die krag en heerskappy van Jesus sodat hulle die voorbeeld sal volg.



As die plek binne opraak en dit raak donker en daar is wilde diere in die omgewing, dan kry ’n dakrak ’n heel nuwe werk…



Daar was ook hartseer in hierdie tyd. Een van ons oud studente, Mathilda, is oorlede na komplikasies met ’n swangerskap. Jacob Chauque (ook ’n oudstudent) moet nou omsien na die 2 klein kleingoed van 6 en 21/2 en ’n sieklike ma. Bid vir hom in hierdie moeilike tyd.

Dankie vir julle liefde en gebede!

Seënwense
Willem & Carol